higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 3

(11011043)

17 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 12 bladsye.

156Q1N2317

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
TOERISMEWETENSKAP
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Reis altyd met die motordeure gesluit om kapings te verhoed.

1.1.2 Moenie vir vreemdelinge aanwysings vra nie – ry eerder na die naaste polisiekantoor.

1.1.3 'n Uitnodiging moet 'n RSVP-datum bevat wanneer afgevaardigdes uitgenooi word om 'n geleentheid by te woon.

1.1.4 'n Organiseerder van 'n geleentheid moet skriftelik belangrike inligting aan afgevaardigdes stuur.

1.1.5 Mededinging behoort in ag geneem te word wanneer sakegeleenthede vir 'n kleinsakeonderneming nagevors word.

1.1.6 Aanlyn besprekings het 'n negatiewe uitwerking op reisagentskappe omdat mense hul eie besprekings oor die internet kan doen.

1.1.7 As die randwaarde sterk is, is dit goedkoper vir buitelandse besoekers om Suid-Afrika te besoek.

1.1.8 'n Vennootskap moet 'BK' aan die einde van sy naam bevat.

1.1.9 Gehuurde motors kan slegs met die korrekte dokumentasie oor die grens geneem word.

1.1.10 Die markomgewing bestaan uit verbruikers, mededingers en hulpbronne van die maatskappy.

(10 × 1) (10)

1.2 Vergelyk in tabelformaat die voordele en nadele van die gebruik van elk van die volgende tegnologiese vooruitgang in 'n toerismeonderneming.

TEGNOLOGIESE VOORUITGANG	VOORDEEL	NADEEL
1.2.1 Aanlyn besprekingstelsel		
1.2.2 Rekenaar		
1.2.3 Elektroniese kaartjie-uitreiking		
1.2.4 E-pos		
1.2.5 Internet		

(10 × 2) (20)

1.3 Gee VYF voordele van die vestiging van 'n onderneming as 'n alleenhandelaar. (5)

1.4 Verduidelik kortliks wat verkennende navorsing is en gee TWEE voorbeelde van bronne wat jy as deel van die navorsing sal gebruik. (3 + 2) (5)

[40]

VRAAG 2

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 Hierdie geleenthede is meer formeel en vermaak word nie benodig of gelewer nie.

A Spesiale
B Besigheid en handel
C Waarmerk
D Belangrike

2.1.2 Die ... omgewing sluit in wetgewing en regulasies wat voorskryf hoe ’n onderneming moet funksioneer.

A fisieke
B politieke
C tegnologiese
D sosiale

2.1.3 Kosjer voedsel word geëet deur mense wat tot die .. geloof behoort.

A Joodse
B Hindoe
C Christelike
D Moslem

2.1.4 Hierdie natuurfees vind jaarliks gedurende September in Hermanus plaas.

A Nasionale kaasfees
B Decorex
C Walvisfees
D Kaapstadse blommeskou

2.1.5 Wanneer ’n lokaal vir ’n geleentheid bespreek word, word dit normaalweg van jou verwag om ...

A ’n deposito te betaal.
B jou paspoort te wys.
C die kelners vooruit te betaal.
D die dag vantevore te bel.

Kopiereg voorbehou

2.1.6 Die dokument wat mense inlig oor die onderwerpe wat by ’n vergadering bespreek sal word, staan bekend as ’n ...

A notule.
B memorandum.
C brief.
D agenda.

2.1.7 Indien ’n buitelandse toeris ’n motor in Suid-Afrika wil bestuur, moet hy/sy ’n ... besit.

A Suid-Afrikaanse bestuurderslisensie
B geboortesertifikaat
C lidmaatskapsertifikaat
D internasionale bestuurderslisensie

2.1.8 Die notule van ’n vergadering is ’n lys van die …

A onderwerpe wat by die vergadering bespreek is.
B onderwerpe wat by die vergadering bespreek gaan word.
C mense wat die vergadering bygewoon het.
D mense wat die vergadering gaan bywoon.

2.1.9 Besienswaardighede wat deur mense gemaak word, sluit in …

A strande.
B museums.
C fauna.
D die Groot Vyf.

2.1.10 Voorbeeld van mega-geleentheid wat meer toeriste na ’n land lok, is …

A parlementsopening.
B Premiersokkerligas.
C Jeugdagherdenking.
D Olimpiese Spele.

(10 × 1) (10)

2.2 Verduidelik kortliks die volgende elemente van die markomgewing:

2.2.1 Verbruikers

2.2.2 Tussengangers

2.2.3 Verskaffers

2.2.4 Mededingers

(4 × 3) (12)

Kopiereg voorbehou

2.3 Die volgende aspekte maak deel uit van die mikro-omgewing van ’n onderneming:

Verduidelik wat met elke aspek bedoel word.

2.3.1 Die missie van ’n onderneming

2.3.2 Die hulpbronne van ’n onderneming

(2 × 3) (6)

2.4 Mnr Sydney is die eienaar van ’n toerismeonderneming in Durban en is bekommerd oor die ekonomiese omgewing van Suid-Afrika. Hy is daarvan bewus dat jy Toerisme bestudeer het, en nader jou om hulp.

Verduidelik die volgende aan hom:

2.4.1 Die uitwerking van werkloosheid op die toerismebedryf

2.4.2 Wat jy onder die term *ekonomiese groei* verstaan

2.4.3 Wat die term *produktiwiteit* beteken

(3 × 2) (6)

2.5 Bespreek die term *inflasie.* (2)

2.6 Verduidelik watter uitwerking inflasie op die volgende het:

2.6.1 Die koste van goedere en dienste

2.6.2 Die waarde van die rand

(2 × 2) (4)

[40]

VRAAG 3

3.1 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Private maatskappy	A	een persoon wat sy/haar eie onderneming bedryf
3.1.2	Beslote korporasie	B	dit kan tot stand gebring word tussen twee of meer (tot ’n maksimum van 20) individue wat saam besigheid wil doen
3.1.3	Vennootskap		
3.1.4	Eenmansaak/alleeneienaar		
3.1.5	Geld wat in ’n spesifieke land gebruik word	C	dit is ’n regspersoon wat sy eie bepaalde regspersoonlikheid en identiteit het. Dit dryf in sy eie naam handel en nie in die naam van die eienaars nie.
3.1.6	Tegnologie wat in toerismeonderneming gebruik word	D	dit kan tot stand gebring word tussen enige aantal lede wat die sake wettig bedryf
3.1.7	South African Airways		
3.1.8	Dwelmmisbruik beïnvloed samelewing negatief	E	hierdie maatskappy word deur middel van ’n stigtingsverklaring gestig en mag deur hoogstens 10 lede besit en bestuur word
3.1.9	Beïnvloed die koste van goedere en dienste		
3.1.10	Geleenthede van hierdie aard sluit in voedsel, musiek en dans	F	toerismeonderneming
		G	geldeenheid
		H	inflasie
		I	aanlyn besprekingstelsels
		J	kultuurgeleenthede
		K	maatskaplike probleme

(10 × 1) (10)

3.2 Voltooi die volgende sinne deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.2.1 ’n ... word voor ’n vergadering aan al die afgevaardigdes gestuur om seker te maak dat almal weet wat by die vergadering bespreek gaan word.

3.2.2 Die ... Marathon word in Junie in die provinsie KwaZulu-Natal aangebied.

3.2.3 Die KIKS (‘CTICC’) is ’n konvensiesentrum wat in die stad ... geleë is.

3.2.4 ’n ... geleentheid is die grootste tipe geleentheid.

3.2.5 Die simbool op ’n kaart wat gebruik word om ’n biblioteek aan te dui, is ’n ...

(5 × 1) (5)

3.3 Jy is ’n reisagent vir internasionale toeriste wat Suid-Afrika vir die Desembervakansie in 2023 wil besoek.

3.3.1 Jy moet ’n inligtingsbrosjure saamstel wat nuttige advies verskaf aan toeriste wat op Suid-Afrika se paaie ry.

Noem die dinge wat jy by die brosjure sal insluit. (10)

3.3.2 Wat is die wetlik aanvaarbare vlak van alkohol in ’n persoon se bloed as hy/sy bestuur? (2)

3.3.3 Beskryf DRIE verskillende spoedbeperkings op Suid-Afrika se paaie. (3)

3.3.4 Wat is die minimum ouderdom waarop iemand ’n motor op Suid-Afrika se paaie mag bestuur? (1)

3.3.5 Wat is die basiese vereistes wanneer iemand ’n voertuig wil huur? (3)

3.3.6 Versekeringskoste kan betaalbaar wees as jy ’n motor huur.

Noem en verduidelik DRIE tipes motorhuurversekering wat toeriste moet uitneem wanneer hulle in Suid-Afrika reis. (3 × 2) (6)

[40]

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

4.1



Afrika se Reis-indaba is een van die grootste toerismebemarkingsgeleenthede op die Afrika-kalender en een van die drie belangrikste geleenthede van sy soort wêreldwyd.

Lokaal: Inkosi Albert Luthuli-konvensiesentrum (Durban IKS) Durbanse uitstalsentrum (DUS)

Skoudae: 3–5 Mei 2022

Die Toerismewetenskap V4-studente in jou kollege gaan die Toerisme-indaba in Durban van 3 tot 5 Mei bywoon. Daar is 10 vroulike studente wat akkommodasie gaan deel by die hotel wat jy vir hulle gereël het. Vier van hulle eet nie vleis of enige vleisprodukte nie, een is 'n Moslem en drie is Joods.

[Vertaal uit: *https://www.indaba-southafrica.co.za*]

4.1.1 Verduidelik die volgende kodes wat jy op hul besprekingsvorm geskryf het toe jy hulle ingelig het oor hoe hulle die kamers gaan deel:

(a) TWNB
(b) TWNS
(c) QADS
(d) QADB
(e) DBLS

(5 × 2) (10)

4.1.2 Watter tipe maaltye sal jy vir elk van die volgende studente reël?

(a) Studente wat nie vleis eet nie
(b) Moslem-student
(c) Joodse studente

(3 × 1) (3)

4.2 In watter dorp/stad en provinsie neem die volgende gebeurtenisse plaas? Skryf die dorp/stad en die provinsie se naam langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.2.1 Getaway-uitstalling

4.2.2 Kersiefees

4.2.3 Darling-veldblommeskou

4.2.4 Durban July

Kopiereg voorbehou

4.2.5 Maroelafees

(5 × 2) (10)

4.3



Brande in Kaapstad https://joynews.co.za

Brand op die voetheuwels
Kaapstad is deur 'n verwoestende brand getref. Op Sondagoggend, 18 April, om 08:45, het die Stad Kaapstad se Brandweer- en Reddingsdienste gereageer op 'n 'plantegroeibrand' bo die M3-deurpad by Hospitaaldraai oorkant die beroemde Groote Schuur Hospitaal (waar die wêreld se eerste hartoorplanting uitgevoer is).

Rhodes Gedenkteken was in vlamme gehul
Dit was aanvanklik windstil en dit het gelyk asof die brand beheer kon word. Oor die volgende drie ure het die veldbrand egter oor die hellings van Duiwelspiek na Rhodes-gedenkteken en van daar na die Rondebosch-bokampus van die Universiteit van Kaapstad (UK) versprei. Die Rhodes-gedenkteken se teetuin en restaurant was in vlamme gehul toe die gassilinders ontplof het.

Veldbrand verswelg Tafelberg 'Waterbomme' word deur helikopters neergelaat, maar hierdie operasie gaan waarskynlik reusagtig wees. Die pluime rook kan kilometers ver gesien word, en dit lyk asof die veldbrand reeds halfpad teen die ikoniese landmerk opbeweeg het.

[Vertaal uit: *The South African*, 18 April 2021]

4.3.1 Identifiseer die tipe natuurramp wat in die artikel genoem word. (1)

4.3.2 Watter stad word regstreeks geraak deur die ramp wat jy geïdentifiseer het? (1)

4.3.3 Beskryf die uitwerking van die natuurramp wat jy in VRAAG 2.1 geïdentifiseer het op plaaslike toerisme. (4)

4.3.4 Watter strukture is deur die brand verwoes? (2)

4.3.5 Identifiseer die ekonomiese implikasies wat hierdie ramp vir toerisme het. (4)

4.4 Identifiseer die volgende simbole wat jy op 'n kaart sal aantref:

4.4.1 

4.4.2 

4.4.3 

4.4.4 

4.4.5 

(5 × 1) (5)
[40]

VRAAG 5

5.1 Jy moet 'n geleentheid reël en het 'n lokaal nodig.

Noem en verduidelik SES aspekte wat jou besluit beïnvloed. (6 × 2) (12)

5.2 Verduidelik elk van die volgende terme wat in besigheid gebruik word:

5.2.1 Alleenhandelaar

5.2.2 Vennootskap

5.2.3 Kapitaal

5.2.4 Krediteur

5.2.5 Wins

(5 × 2) (10)

5.3 Noem VIER arbeidswette wat 'n uitwerking op die Suid-Afrikaanse toerismebedryf kan hê. (4)

5.4 Watter vaardighede het jy nodig om 'n suksesvolle onderneming te bedryf? (4)

Kopiereg voorbehou

5.5 Kies EEN van die volgende geleenthede wat pas by die beskrywing wat gegee word. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1−1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

Kersiefees; Billabong-branderplankrykompetisie; Castrol Formule Een-wedren; Vodacom July-perdewedren; Bela-Bela-fietswedren; Argus-fietstoer; Randse Paasskou; Royal-landbouskou; Midmarmyl; Aardklop Kunstefees; Good Food and Wine; KKNK; Oesterfees; Comrades-marathon

5.5.1 Hierdie sosiale geleentheid word elke Maart/April in Johannesburg aangebied.

5.5.2 'n Sosiale geleentheid wat gedurende Julie deur duisende mense in Knysna bygewoon word.

5.5.3 'n Voedsel-en-drankgeleentheid wat in Mei in die Goeie Hoop-sentrum aangebied word.

5.5.4 Hierdie marathon is 'n jaarlikse hardloopwedren wat tussen Durban en Pietermaritzburg plaasvind.

5.5.5 'n Kultuurfees wat jaarliks in Potchefstroom plaasvind.

5.5.6 Hierdie swemgeleentheid vind jaarliks naby Pietermaritzburg plaas.

5.5.7 'n Sportgeleentheid wat in Jeffreysbaai gehou word.

5.5.8 'n Gewilde fietswedren wat jaarliks in Maart in Kaapstad gehou word.

5.5.9 'n Landbougeleentheid wat in Mei in Pietermaritzburg gehou word.

5.5.10 'n Gewilde fees wat in die Vrystaatse dorp Ficksburg aangebied word.

(10 × 1) (10)
[40]

TOTAAL: 200